**NAMIBIA SENIOR SECONDARY CERTIFICATE**

# FIRST LANGUAGE AFRIKAANS HIGHER LEVEL 8301/1

PAPER 1 Reading and Directed Writing — 2 hours 30 minutes

Marks 60 — **2019**

Additional Materials: Answer Book

## INSTRUCTIONS AND INFORMATION FOR CANDIDATES

- Write your answers in the Answer Book provided.
- Write your Centre Number, Candidate Number and Name in the spaces on the Answer Book.
- Write in dark blue or black pen.
- Do not use correction fluid.
- Answer **all** questions.
- Pay special attention to spelling, punctuation and sentence structure.
- The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING VIR KANDIDATE

- Beantwoord die vrae in die Antwoordboek.
- Skryf jou Sentrumnommer, Kandidaatnommer en Naam in die spasies op die sinstruktuur.
- Skryf met 'n donkerblou of swart pen.
- Moenie vloeibare uitwisser gebruik nie.
- Beantwoord **al** die vrae.
- Gee spesiale aandag aan spelling, leestekens en sinsformulering.
- Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van 'n vraag gegee.

HIGHER LEVEL

This document consists of **7** printed pages and **1** blank page.

**Republic of Namibia**

**MINISTRY OF EDUCATION, ARTS AND CULTURE**

© MoEAC/DNEA

## AFDELING A

Lees die **twee** leesstukke aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

**Leesstuk 1**

### André P. Brink: Heroïese gees gegroet

*Huldeblyke stroom in vir "embleem van die Sestigers"*

André Brink word beskou as 'n "literêre reus" en een van Suid-Afrika se invloedrykste skrywers.

Veral sy mede-Sestigers was vol lof vir hul "medeskrywer, vriend, broer én tog ook kameraad", (soos Breyten Breytenbach na Brink verwys het). Breytenbach sê met Brink se dood "word 'n tydperk toegemaak" en dat hy die laaste van 'n heroïese generasie Afrikaanstalige skrywers was. Brink was by uitstek 'n volksverteller. Hy sal hom onthou as vrygewig en gewillig met sy tyd, raad en kennis. Hy het baie gedoen om ander kulture, tale, tradisies en wêrelddele toeganklik te maak deur sy vertalings.

Abraham de Vries sal Brink nie net onthou as 'n internasionaal gerekende skrywer nie, maar ook as 'n reuse-intellek. Hy sê Brink het 'n ongelooflike werkywer gehad, soos blyk uit die meer as 100 boeke wat hy geskryf en vertaal het.

"Hy was 'n reus. Een van daai skrywers wat 'n mens net een maal in jou lewe ontmoet," het die uitgewer Kerneels Breytenbach, 'n jare lange vriend, gesê. "Sy dood is 'n massiewe skok. Dis nie 'n lekker ding nie."

Breytenbach sê Brink het ook as literêre kritikus 'n groot bydrae gelewer – veral in die 1970's toe hy die boekeblad van Rapport hanteer het. "Dit was loshande die beste era wat literêre kritiek tot nog toe in die land beleef het."

Alida Potgieter, 'n voormalige uitgewer by Human & Rousseau wat 18 jaar lank ten nouste met Brink saamgewerk het, het gesê 'n mens kan nie in een sin opsom watter enorme impak die boeke van 'n skrywer soos André Brink op sy lesers gehad het nie. Sy lewe was 'n inspirasie.

André Philippus Brink is op 29 Mei 1935 in Vrede in die Vrystaat gebore, waar sy pa 'n magistraat was. Ná matriek (hy was die topstudent in die destydse Transvaal) is hy na die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys voordat hy vergelykende letterkunde aan die Sorbonne in Frankryk gaan studeer het.

Saam met onder meer Breytenbach, De Vries, Small, Rabie, Joubert en Etienne Leroux het hy die kern gevorm van 'n groep skrywers wat bekend sou word as die Sestigers, wat 'n belangrike vernuwende invloed op die Afrikaanse letterkunde was.

Sy roman *Kennis van die aand* (1973) was die eerste Afrikaanse boek wat deur die destydse sensuurraad verbied is. Ná 'n hofsaak en geweldige publisiteit plaaslik en oorsee is die boek uiteindelik in 1982 ontban. Sy volgende boek, *'n Oomblik in die wind*, is deur die uitgewers Human & Rousseau van die hand gewys uit vrees vir die sensuurwet. Dit is uiteindelik privaat uitgegee en net aan intekenare gepos. Die tweede druk is binne drie dae uitverkoop.

As een van die hoogste bome van die Afrikaanse letterkunde was Brink se persoonlike lewe ook dikwels in die nuus. In 2004 het sy verhouding met 'n jong Poolse student,

Karina Szczurek, wat meer as 40 jaar jonger as hy is, die skindertonge los gehad. Hy en Szczurek is in 2006 getroud. Dit was Brink se vyfde huwelik.

In 2009 het hy die eerste ontvanger geword van die Jan Rabie-Marjorie Wallace-beurs van R350 000. Brink het ná die verskyning van *Philida*, die boek wat hy met dié geld geskryf het, gesê hy was so te sê bankrot en sou sy huis moes verkoop as dit nie vir dié beurs was nie.

Brink was ook, benewens sy voorliefde vir rugby en tennis, ’n aanhanger van die sepie *7de Laan* en het selfs homself in een episode gespeel.

Brink was een van Afrikaans se produktiefste skrywers en het onder meer 26 romans en 14 dramas op sy kerfstok, asook verskeie bundels reisverhale, boeke oor wyn en brandewyn en meer as 70 vertalings uit Engels, Frans, Duits en Spaans.

Sy werk is dikwels bekroon en hy het die Hertzogprys vir sowel drama (*Die jogger,* 2000) as prosa (*Donkermaan,* 2001) gewen. Hy het die CNA-prys drie keer gewen. Hy het die Orde van Ikhamanga (silwer) in 2006 ontvang en in dieselfde jaar het die departement van kuns en kultuur hom vereer vir sy lewensbydrae tot literatuur.

Internasionale eerbewyse het nie agterweë gebly nie. Sy vertaalde romans *An Instant in the Wind* en *Rumours of Rain* was albei op die kortlys vir die Bookerprys en sy boeke is in minstens 36 tale vertaal.

In 1982 is hy ’n ridder van Frankryk se Legioen van Eer gemaak vir sy bydrae tot die Franse literatuur. Kort voor sy dood in 2015 ontvang hy in België ’n eredoktorsgraad van die Katolieke Universiteit Leuven.

Brink word oorleef deur sy vrou Karina Szczurek, sy kinders Anton, Gustav, Danie en Sonja uit vorige huwelike en ses kleinkinders.

*(https://www.netwerk24.com/Nuus/Andre-P-Brink-Heroïse-gees-gegroet-20150208 - verwerk en verkort)*

**Leesstuk 2**

## Dis die pad wat jy loop, wat tel

As romanskrywer, dramaturg, vertaler, letterkundige, kritikus en akademikus trap prof. André P. Brink nog diep spore in die Suid-Afrikaanse literêre wêreld.

Sy pad as skrywer het in Potchefstroom aan die destydse Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys begin, waar hy sy akademiese voete gevind en ook sy eerste roman, *Meul teen die hang*, in 1958 geskryf het.

Brink het in 1953 ingeskryf vir sy BA-graad in Afrikaans-Nederlands, Engels en Geskiedenis. Later het Frans ook bygekom. Hy het uiteindelik sewe jaar op universiteit deurgebring en het 'n MA-graad in beide Engels en Afrikaans verwerf. Hy dink met deernis terug aan sy studentejare waar hy in die koue Potchefstroomse winters gewoonlik toegerol in sy kombers sy eerste klasse bygewoon het.

Hy het hegte vriendskappe in dié tyd gesmee. "Die beste herinnering aan daardie jare het steeds te make met vriendskappe en allerlei vorme van studentepret. Ek is nog in aanraking met enkele baie goeie vriende, veral Christie Roode. Van die grootste oomblikke deur die jare het te doen gehad met intervarsity, veral teen die Vrystaters," vertel hy.

Brink, wat self by verskeie universiteite klasgegee het, geniet die volgehoue aanraking met jongmense. Hy moedig studente aan om 'n oop kop te hê vir alles anderkant hul onmiddellike studieterrein. "Dit is vandag net onmoontlik om te dink enigiemand kan selfgenoegsaam wees of sonder ander klaarkom."

Brink het onlangs sy jongste roman, *Philida*, bekendgestel. Hy het drie jaar geneem om die boek te voltooi – "langer as enige vorige roman" – en voel daar is klaar weer een aan die roer.

Hy bieg hy raak verlief op die meeste van sy vrouekarakters. "Maar ek dink ek verkies uiteindelik dié wat terugpraat. Elisabeth in 'n *Oomblik in die wind* was van die eerstes, maar ek reken sy praat op die oomblik vir my die duidelikste, daarom luister ek die graagste na haar."

Prof. André is die outeur van meer as 30 romans en die ontvanger van verskeie toekennings, beide in Suid-Afrika en die buiteland.

Hy het byvoorbeeld reeds twee keer die Hertzogprys ontvang, was twee keer op die kortlys van die Bookerprys en verskeie kere op die kortlys vir die Nobelprys. Sy boek, *A Dry White Season*, is verfilm met onder meer Marlon Brando, wat vir 'n Oscar benoem is vir sy spel, en Donald Sutherland in die hoofrolle. In 2005 het hy homself in die sepie *7de Laan*, waarvan hy 'n groot aanhanger is, gespeel.

Sy romans is in meer as 30 tale vertaal, insluitend Serbo-Kroaties, Japannees, Xhosa en Viëtnamees. Hy praat self agt tale "al begin hulle bietjie slyt aan die rande". Hy sal graag nog Russies wil leer om Dostojewski in die oorspronklike teks te lees. "Sit dit maar op my wenslys".

Digitale of e-boeke staan hom nie aan nie en 'n kindle sal hy nooit aanskaf nie. "Lees is 'n totale ervaring, wat ook die voel en ruik van 'n boek insluit. En sonder 'n pen in my hand kan ek nie lees nie."

Die boek die naaste aan sy hart is meestal die een waaraan hy in daardie stadium werk. En by elkeen sal daar ’n ander rede wees. “Maar as ek vandag moet kies, sou ek dalk na omtrent 40 jaar nog altyd in ’n versoeking wees om te sê: *’n Oomblik in die wind*.”

Saam met sy vrou, Karina, en hul drie katte is hy op sy gelukkigste. Stilte, musiek, ’n paar goeie vriende, ’n boek en om te reis maak hom ook gelukkig. Hy sê hy is spesifiek van kleins af lief vir katte en hul drie katte, glo almal straatkatte, is vernoem na komponiste – Mozart, Salieri en Glinka.

Lof stroom in vir *Philida* wat vanjaar op die langlys vir die Britse 2012 Man Bookerprys was. Maar hierdie tipe erkenning is nie vir hom belangrik nie, “al laat dit mens natuurlik goed voel”.

“Solank ek van binne af kan voel ’n stuk werk is bevredigend gedoen. Maar gebeur dit ooit regtig? Of hou mens juis aan omdat jy elke keer reken jy’t nog nie daar aangekom nie? Hoofsaak is gewoon om aan te hou waarmee mens ook al besig is. Dis die pad wat mens loop wat tel, nie die aankom êrens nie,” sê hy.

*(Verkort en verwerk uit Noordwes-Universiteit Alumni-tydskrif, November 2012)*

**1** Albei leesstukke handel oor André P. Brink se lewe en werk.

Vergelyk die twee leesstukke en bespreek die ooreenkomste. Gebruik gepaste aanhalings om jou stellings te bewys.

Jou antwoord moet ongeveer **350** woorde lank wees. **[20]**

**2** As voorsitter van die taalvereniging by julle skool is jy gevra om ’n toespraak oor André P. Brink te lewer. Verwys veral na sy veelsydigheid en prestasies.

Skryf jou toespraak in ongeveer **250** woorde.

Gebruik die inligting in die twee leesstukke, maar voeg ook jou eie insette by. **[20]**

## AFDELING B

Lees die volgende teks en voer dan die opdrag uit.

### ’n Mens agter die profiel

Die sosiale media kan jou menswees knou as jy dit verkeerd benader.

Wie is jy op Facebook en ander sosiale media? Is jy jouself? Sit jy heeltyd jou beste voetjie voor of gee jy nie om wat jy vir wie sê nie? Maak jy kwetsende aanmerkings oor ander wat jy nooit van aangesig tot aangesig sou doen nie? En hoe laat hierdie deelname jou oor jouself voel?

Die aktrise Audrey Hepburn het gesê jy kan meer oor mense agterkom deur wat hulle oor ander mense sê as wat ander oor hulle sê. Kyk jy na die aanmerkings wat mense soms op die sosiale media maak, steek daar ’n goeie skoot waarheid in, maar wat sê dit wat jy op forums en die sosiale media kwytraak oor jouself? Kan jy trots wees daarop?

Het jy al iets kwytgeraak om net ná jy ’n bietjie afgekoel het, te wens jy kon die woorde terugtrek, maar dan is dit klaar gesê – vir ewig in die internetgange onder jou naam?

Mense gebruik Facebook as ’n masker of ’n fasade waaragter hulle skuil wanneer hulle nie die vrymoedigheid het om sekere dinge persoonlik te sê nie. Mense is oper en minder geïnhibeerd, want hulle hoef nie die persoon in die oë te kyk nie. Dit verskaf ’n mate van moed of dapperheid om dinge te sê en doen wat hulle nie noodwendig van persoon tot persoon sou doen nie.

Wat gebeur as negatiewe kommentaar of selfs konflik op die sosiale media beland? Die probleem lê daarin dat hierdie woorde nie verwyder of aangepas kan word nie – dit is reeds in die openbaar. Dit kan vir alle partye wat hierby betrokke is gevolge inhou: angstigheid, depressie, skuldgevoelens, magteloosheid om dit reg te stel, verwerping en vrees vir mense.

Volgens ’n opvoedkundige sielkundige van Gauteng is dit belangrik om die gevare en skadelike impak van sosialemediagebruik op jou selfbeeld en veiligheid in ag te neem. Inligting wat mense op die sosiale media openbaar, kan gebruik word om weerlose mense, veral jongmense en kinders, skade te berokken of in gevaar te stel. Vernederende of ongemaklike situasies word baie keer deur hulle self veroorsaak as gevolg van inligting wat hulle bekendmaak.

Die sielkundige se wenke:

- Wees waaksaam en bewus van gevare. Gebruik die privaatheidverstellings sodat jy beheer kan uitoefen oor jou profiel en kommentaar. Wees wys en selektief met die inligting wat jy deel.
- Evalueer gereeld jou vriende en hulle plasings en besluit of dit iets is waaraan jy blootgestel wil wees.
- Wees sensitief en dink na oor wat jy wil plaas voordat jy dit plaas.
- Wees eerder eerlik en opreg oor wie en wat jy is. Leuens en wanvoorstellings kom altyd uit.
- Wanneer iemand jou aanval of slegsê, moenie in die openbaar reageer nie. Nader hulle persoonlik of ignoreer die kommentaar en verwyder die persoon as vriend.

Die gebruik van die sosiale media kan ook maklik ’n valse gevoel van “behoort” skep wat nie die werklikheid is nie. Mense vergelyk hulle met ander wat hulle selfbeeld negatief beïnvloed. Op die sosiale media lyk almal se lewe perfek, maar eintlik kry ’n mens net ’n klein kykie in ander se lewens.

Die sosiale media is nie net goed of sleg nie. Dit is hoe en waarvoor dit gebruik word wat bepalend is.

*(Vrouekeur, 7 Augustus 2015 (verwerk en verkort)*

**3** Die sosiale media kan gebruik word om mense seer te maak en te verneder en hulle private lewens te ontbloot. Die stryd om by ander by te bly, kan op die sosiale media baie werklik raak.

Skryf ’n **brief aan die pers** waarin jy gebruikers van die sosiale media aanmoedig om groter verantwoordelik aan die dag te lê.

Maak van die inligting in die leesstuk gebruik, maar lug ook jou eie mening oor die aangeleentheid.

Die lengte van die brief moet ongeveer **250** woorde wees. **[20]**

**BLANK PAGE**